

**26 Januarie**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 5:11-6:8**  
**Fokusgedeelte: Hebreërs 5:13-14**

### **Kan jy al vaste geestelike kos eet?**

Melkkos of vaste kos? Het jy gevorder op die geloofspad of vasgeval op een vlak? Waar staan jy?

Die skrywer wou oor dieper dinge met die lesers redeneer, maar hy kon nie weens hulle gebrek aan kennis. Hulle moes al leraars gewees het, maar was nog maar leerlinge. Hulle kon net die eenvoudige dinge van die evangelie verstaan, soos 'n pasgebore baba net melk kan drink. Die nuwe gelowige se geestelike kos bestaan uit preke oor bekering, geloof in God, doop en handoplegging, die opstanding en die ewige oordeel.

Wat het dan die gebrek aan groei tot geloofsvolwassenheid veroorsaak? Hulle was traag om te leer. Hulle het die Woord van God gehoor, maar hulle nie daarin verdiep nie. Daarom wou hulle afvallig word, hulle Christelike geloof prysgee en wegdryf na die heidendom.

Kan jy al die vaste kos van die Skrif eet? Het jy deur Skrifstudie en toepassing daarvan in jou Christelike lewe gegroei sedert jy die eerste maal die evangelie gehoor het? Word jy nog maklik beïnvloed deur allerhande nuwe leringe? Twyfel jy gou of jou kennis van die Woord reg is? Verval jy in onsekerheid wanneer iemand jou vra of dit reg is om iets te doen?

God gee aan jou voedsame geestelike kos: Die wet en profete van die Ou Testament, Jesus se woorde en die briewe van die apostels. Lees biddend jou Bybel, hoor en oordink dit, leef daarvolgens. Só kan jy groei tot geestelike volwassenheid. Dan kan jy volhard op jou geloofspad en met vreugde die Here dien.

*Sing: Psalm 19:4*

*Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)*